NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 18 MEI 2006

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, open die vergadering. Dit vind direk na die vergadering van die Sinodale Kommissie plaas.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit – Aktuarius (Verskoning)
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk (Verskoning)
Ds MF Steyn (Verskoning)
Ds CH van Heerden – DL Finansies
Ds PL Louw
Ds AC van der Westhuizen tree ook as sekundus vir die aktuarius op.

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Netwerkbestuurders op uitnodiging

Barmhartigheid - Dr A Oliphant (Verskoning)
BNet - Ds BIC Steyn
Familie - Ds E Malan
Getuienis - Ds JH van Niekerk
Jeug - Ds WP Petzer
Liturgie – Ds LR Swanepoel (Verskoning)
Navorsing - Prof PJ Naudé (Verskoning)
Predikante - Dr JD Prinsloo
Seisoen van Luister - ds J van Rooyen
Vroue - Mev L Steyn

2.4 Reiskostevorms

2.4.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die volgende nuwe sake en bylae word op die sakelys geplaas:

- Pt 6.1 ADGO Sinodale Verteenwoordiger Lidmaatbemagtiging - Bylaag H
- Pt 9.1 Nooma
- Pt 10.1 Beursaansoek
- Pt 10.2 GSM-vergadering
- Pt 10.3 KMS-toerusting
- Pt 14.1 Ring PE-Wes - opdrag aan die moderatuurslede
- Pt 16.1 Taakgroep: Predikantebediening
- Pt 18.1 Verslag: Toerusting Predikantsvroue - Bylaag I
- Pt 18.2 Vraelys vrouelidmate

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

4.1 SK-Dagbestuur 2006-02-09 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Goedgekeur met dank aan skriba

5. SAKE UIT DIE NOTULE

5.1 SK Dagbest 2006-02-09 Bylaag A

5.1.1 Terugvoer Ad Hoc Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 5.2.2)

5.1.1.1 Die saak staan oor.

5.1.2 Ondersoek deur Netwerk vir Navorsing: Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (pt 5.2.4)

5.1.2.1 Die verslag is nog nie ontvang nie en die saak staan oor.

5.1.2.2 Besluit: As tussentydse maatreël word die saak verwys na Danie Mouton en Chris van Wyk om as deel van die UK Konvent vir Eenheid se navorsing oor situasie in VGK ook navorsing oor die behoeftes van plattelandse gemeentes aandag te gee. Die koste hieraan verbonde, indien enige, word verhaal uit bedrag wat vir hierdie navorsing beskikbaar gestel is.

5.1.3 Netwerk vir Navorsing: Teologiese begronding van verskillende vergaderstyle (pt 5.2.9)

5.1.3.1 Danie Mouton se artikel "Van debat na dialoog" (Kruisgewys) is aan gemeentes gestuur.

5.1.3.2 Besluit: Hierdie Kruisgewys-artikel word opgeneem in die sakelys van die SK se November 2006-vergadering met die oog op bespreking.

5.1.3.3 Tydens VTO en/of toerusting aan kerkkantoorpersoneellede kan 'n voorlegging oor die voordele en toepassing van die verskillende vergaderstyle gemaak word.

5.1.4 Finansiële ondersteuning aan gemeentes re afgevaardigdes na sinodes (pt 5.2.11)

5.1.4.1 Tydens die SK-vergadering van 24

November 2005 is besluit dat gemeentes in die toekoms ten volle verantwoordelikheid vir die koste van sinodale vergaderings moet neem. Aansoeke vir ringsprojekte kan hiervoor ingedien word.

5.1.4.2 Terselfdertyd is besluit om ondersoek in te stel na finansiële ondersteuning.vir gemeentes wat dit andersinds nie kan bekostig nie (pt 7.2.2.4).

5.1.4.3 Besluit:
Ringe kan as ringsprojek aansoek doen vir hulp aan gemeentes om sinodale vergaderings by te woon.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 ADGO Sinodale Verteenwoordiger: Lidmaatbemagtiging

6.1.1 'n Sinodale verteenwoordiger word deur ADGO genooi om 'n werkgroep insake lidmaatbemagtiging van 5-6 Junie 2006 by te woon.

6.1.2 Besluit: Dr Kobus Prinsloo word afgevaardig om die vergadering by te woon.

7. BARMHARTIGHEID

Geen sake vir bespreking nie.

8. EKUMENE

Geen sake vir bespreking nie.

9. FAMILIE

9.1 Nooma

9.1.1 Nooma is 'n reeks DVDs wat deur Robb Bell aangebied word. 'n Boekie met besprekingsvrae word ingesluit. Dit kan in eredienste en kleingroepe gebruik word. Gemeentes kan dit by die sinodale kantoor bespreek en afhaal.

10. GETUIENIS

10.1 Beursaansoek

10.1.1 Daar is nie gebruik gemaak van sinodale fondse vir die borgskap van 'n student te Hefsiba Teologiese Skool in Mosambiek nie. Al die studente was reeds geholpe met ondersteuning. So 'n borgskap kan weer vir volgende jaar oorweeg word.

10.2 Gesamentlike Kommissie Mosambiek

10.2.1 Kennis geneem dat die volgende vergadering op 25 Julie 2006 plaasvind.

10.3 Kingfisher Mobiliseringsentrum

10.3.1 Opleiding bestaan uit 9 sessies oor drie jaar. Die eerste sessie is agter die rug, en die tweede vind van 6 tot 8 Junie 2006 plaas.

11. JEUG

Geen sake vir bespreking nie.

12. KOMMUNIKASIE

Geen sake vir bespreking nie.

13. LITURGIE

Geen sake vir bespreking nie.

14. MODERATUUR

14.1 Opdrag van SK : Ring van PE-Wes

14.1.1 Die Sinodale Kommissie het kennis geneem van die situasie in die Ring van PE-Wes, en die saak na die SK-Dagbestuur verwys.

14.1.2 Besluit: Die saak word vir uitvoering na die lede van die moderatuur verwys.

15. NAVORSING

Geen sake vir bespreking nie.

16. PREDIKANTE-BEGELEIDING

16.1 Taakgroep Predikantebediening

16.1.1 Kennis geneem dat die Taakgroep vir Predikante-bediening op 6-8 Junie 2006 vergader.

17. SEISOEN VAN LUISTER

Geen sake vir bespreking nie.

18. VROUELIDMATE

18.1 Verslag: Projek Toerusting Predikantsvroue

18.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag I (Verslag Projek toerusting Predikantevroue - ongedateerd).

18.1.2 Besluit: Kennis word van die verslag in sy geheel geneem.

18.2 Vraelys: Vrouelidmate

18.2.1 Daar word tans 'n steekproef geloods oor die bedieningsbehoeftes van vroue-lidmate. Vier gemeentes in die Oos-Kaap is deel van die steekproef, t.w. Uitenhage-De Mist,

Swartkopsrivier, Tarkastad en Graaff-Reinet Nuwekerk. Damesstudente aan die universiteit neem ook deel.

18.2.2 Die koste hieraan verbonde word uit die begroting van die Vrouebediening befonds.

19. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

Geen sake vir bespreking nie.

20. KORRESPONDENSIE

20.1 Skrywe: NG Kerk Adelaide

Bylaag B

20.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag B (Skrywe Adelaide Gemeente WSH en AS du Randt – dd 2006-04-19).

20.1.2 Besluit: Kennis geneem van Bylaag B in sy geheel.

20.2 Korrespondensie: WSH du Randt

20.2.1 Versoek gesprek met SK - 10 April 2006 Bylaag C en D

20.2.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag C (WSH du Randt Versoek gesprek met SK – dd 2006-04-10).

20.2.1.2 Besluit:
In die lig van die feit dat die versoek nie 'n appel voor die SK verteenwoordig nie; en dat die skikking bereik 'n einde aan alle interne (kerklike) en eksterne (siviele en kriminele) geskille gebring het, neem die SK-Dagbestuur kennis van die skrywes van 10 April en 26 April 2006.

20.2.2 Aan Skriba Dagbestuur Bylaag D

20.2.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (WSH du Randt Gesprek Skriba SK-Dagbestuur – dd 2006-10-26).

20.2.2.2 Besluit: Die saak word as afgehandel beskou.

20.3 Skrywe: PW du Randt

20.3.1 Indien van klagte Bylaag E

20.3.1.1 Kennis geneem

20.3.2 Reaksie vanaf skriba Bylaag F

20.3.2.1 Kennis geneem

20.4 Skrywe: NGK Jeffreysbaai : Homoseksualiteit en Huwelikswet Bylaag G

20.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Skrywe NGK Jeffreysbaai re Wetgewing oor homoseksuele huwelike - dd 2006-03-02)

20.4.2 Besluit: Skriba rig 'n skrywe aan die betrokke staatsdepartment om kerklike besluite as kommentaar op die voorgestelde huwelikswetgewing te lewer

21. ANDER SAKE

21.1 Ontmoeting met Algemene Taakspan Fondse

21.1.1 Die Algemene Taakspan Fondse het 'n ontmoeting met die moderatuur, die DA en DL finansies aangevra vir 14 Junie 2006 in Port Elizabeth.

21.1.2 Besluit: Kennis geneem dat die ATF intussen besluit het om die ontmoeting uit te stel. Die datum van die volgende SK-Dagbestuurvergadering (2006-07-27) is 'n moontlike geleentheid vir so 'n ontmoeting.

21.2 Datum: Oos-Kaapse Sinode 2007

21.2.1 Die Sinodale Kommissie het besluit dai die Oos-Kaaplandse Sinode in November 2007 vergader.

22. VOLGENDE VERGADERING

22.1 Die SK-Dagbestuur vergader op 27 Julie 2006.

23. AFSLUITING

23.1 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, sluit die vergadering met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van 27 Julie 2006:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: